Die Boek Rut

1. Plek in die Kanon.

In die Hebreeuse Bybel is Rut een van die Megilloth, of Feesrolle wat in die Geskrifte van die Hebreeuse Kanon ingesluit is in die derde deel van die Kanon.

In ander Bybels soos die Vulgata en die Septuaginta is dit op ander plekke gegroepeer en staan die volgorde van die Bybelboeke dus in 'n ander volgorde.

Die feesrolle het bestaan uit: Hooglied, Rut, Klaagliedere Prediker en Ester.

Hooglied is altyd tydens die Pasga gelees.
Die boek Rut is elke jaar tydens die fees van die weke gelees.

Daar is verskillende feeste in die Ou Testament:

1.1. Die Pasga.

Dit was 'n fees wat net een dag lank gehou het, en wat dan opgevolg word deur die fees van die weke wat sewe verdere dae geduur het.

1.2. Die fees van die ongesuurde brode.

> **Die fees van die ongesuurde brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die bepaalde tyd in die maand Abib, want daarin het jy uit Egipte uitgetrek - maar hulle mag nie met leë hande voor my aangesig verskyn nie;** (Eksodus 23:15 AFR53)
>
> **en dat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel wat Ek Egipte aangedoen het, en my tekens wat Ek onder hulle gedoen het, dat julle kan weet dat Ek die HERE is. En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.** (Eksodus 12: 2, 8 AFR53)
>
> **En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.** (Eksodus 12:14 AFR53)

Hierdie fees was ingestel om die fisiese uittog uit Egipte te herdenk.

> **En in die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, is die pasga van die HERE. En op die vyftiende dag van hierdie maand is dit fees; sewe dae lank moet ongesuurde brode geëet word. Op die eerste dag moet daar 'n heilige samekoms wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Maar julle moet as vuuroffer, as brandoffer aan die HERE bring: twee jong bulle en een ram en sewe jaaroud lammers; sonder gebrek moet hulle vir julle wees. En hulle spysoffer fynmeel met olie gemeng: drie-tiendes van 'n efa vir 'n bul en twee-tiendes vir 'n ram moet julle berei. Een-tiende moet jy vir elke lam van die sewe lammers berei. Daarby een bokram as sondoffer om vir julle versoening te doen. Behalwe die môrebrandoffer, wat as voortdurende brandoffer dien, moet julle dit berei. Op dié manier moet julle elke dag, sewe dae lank, die vuurofferspys van lieflike geur vir die HERE berei; by die voortdurende brandoffer moet dit berei word - en die drankoffer wat daarby behoort. En op die sewende dag moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.** (Numeri 28:16-25 AFR53)

- Dit was die tweede groot fees wat jaarliks gevier moes word.
- Dit het begin op die veertiende dag van die eerste maand – dan het hulle Paasfees gevier.
- Die fees van die weke het daarna op die vyftiende van die eerste maand begin - daar is dan vir sewe dae lank ongesuurde brode geëet.
- In hierdie tyd het hulle geen beroepswerk gedoen nie, maar hulle mag wel hulle kos voorberei het.
- Die fees het op die vyftigste dag geval nadat hulle die oes begin insamel het. Presies sewe volle weke nadat die sekel die eerste keer in die ongesnyde garsoes geslaan is.

> **Sewe weke moet jy tel; vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke begin tel.** (Deuteronomium 16:9 AFR53)

Hulle moes op die eerste dag van die fees ’n feesoffer vir die Here bring.

- Hulle moes ook ’n nuwe spysoffer (kosoffer) vir die Here bring. Hierdie offer moes twee beweegbrode wees. Dit was die eerstelinge van die koringoes.
- Dan moes daar ook ’n brandoffer gebring word. Dit het bestaan uit
    - 7 jaaroudlammers sonder gebrek
    - een jong bul
    - 2 ramme
- Verder moes daar ook ’n dankoffer gebring word wat bestaan het uit twee jaaroud lammers.
- Die laaste was die sondoffer wat uit ’n bokram bestaan het wat met die volk se sondes teruggestuur moes word na die duiwel toe.
- Die sewende dag moes hulle weer ’n heilige samekoms hou.

2. Rut: die soort boek

Die inhoud van die boek Rut is histories van aard. Dit verhaal ’n stuk geskiedenis uit die tyd van die Rigters.

> **En in die dae toe die rigters geregeer het, was daar hongersnood in die land; daarom het ‘n man uit Betlehem-Juda weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns.** (Rut 1:1 AFR53)

3. Tyd en Skrywer

Die skrywer self verswyg sy naam. Daar is geen sydelingse of regstreekse mededeling wat enige lig werp op wie die boek kon geskryf het nie.

- Die Joodse Talmud beweer dat Samuel dit geskryf het en dit is moontlik.

Die motivering daarvoor is Hoofstuk 4:18-22:

> **17. En die buurvroue het hom ‘n naam gegee en gesê: Vir Naómi is ‘n seun gebore! En hulle het hom genoem Obed; hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.**
> **18. En dit is die stamboom van Peres: Peres was die vader van Hesron,**
> **19. en Hesron die vader van Ram, en Ram van Ammínadab,**
> **20. en Ammínadab van Nagson, en Nagson van Salma,**
> **21. en Salmon van Boas, en Boas van Obed,**
> **22. en Obed van Isai, en Isai van Dawid.**

Die paar verse mag lyk na nuttelose inligting, maar let op die volgende:

- Dit verhaal die voorgeskiedenis van Dawid se geslag!
- Die stukkie geslagsregister toon duidelik aan dat die skrywer Dawid as koning geken het.
- Hy is nie meer die skaapwagtertjie in die velde van Efrata wat deur Samuel gesalf is nie.

Dit bring ons by die slotsom van moderne teoloë

- Die boek Rut kon dus in Dawid se tyd geskryf gewees het
- Dit kon ook in Salomo se tyd geskryf gewees het, want in Salomo se tyd was daar volgens buite-Bybelse gegewens ’n groot opbloei in die letterkunde en in historiese navorsing.

Slotsom:

- Wanneer die boek geskryf is, is hoogstens interressant.
- Dit beïnvloed in elk geval glad nie die kanoniese waarde daarvan nie.

- Die kanonieke waarde van die boek staan vas.
- Dis deur die Heilige Gees geïnspireer en dit behoort by die kanon.

4. Die doel en betekenis van die boek Rut

Die hele boek - en veral die slot - wil dit duidelik maak hoe en wie Dawid se voorgeslagte is.

- Dit openbaar die bloedlyn wat die Here gevolg het en wie almal in die raad van God ingesluit is om die Here Jesus gebore te laat word. Selfs 'n Moabitiese vrou uit die heidendom is ingesluit. Betekenis: God het dus ook genade en liefde vir die heidene.
- Die lyn in Rut gaan inderdaad net tot by Dawid, maar Ou Testamenties gesien is dit reeds duidelik dat die Messias uit die geslag van Dawid gebore sou word.

5. Inhoud

- Eerste hooftafereel: Hoofstuk 1:7-18: Naomi en haar skoondogters
    - Newestuk: Hoofstuk 1:9-22 Naomi kom in Betlehem aan
- Tweede hooftafereel: Hoofstuk 2:1-17: Rut op Boas se land
    - Newestuk: Hoofstuk 2:18-23 Die eerste ligstraal – ook vir Naomi
- Derde hooftafereel: Hoofstuk 3:1-15: Rut gaan na Boas nadat Naomi haar dit aangeraai het
    - Newestuk: Hoofstuk 3:16-18 Rut se gesprek met Naomi
- Vierde hooftafereel: Hoofstuk 4:1-12: Die regshandeling
    - Newestuk: Hoofstuk 4:13-17 Afloop: 'n seun vir Naomi (Rut)
- Slot: Hoofstuk 4:18-22:
    - Slot